

Stellenbosch virtueel

die klein blou dorpie kruip soos water

op teen heuwels

hooggety stoot oor

stort af in klowe

huisies klou klein mosselskulpe

teen graniet en sandsteen

heinings mure dakke elk 'n smal

domein oorlewingsniche

teen fel son onverbiddelike

oostewind die ongenaakbaarheid

van afrika

tot seisoene later die koelte

van fynbos en filterson

als groen versag

en raakbaar maak

my vinger teen die monitor

en google earth

my reisgenoot

klein kaap van storms klein berg van hoop

blou dorp van droom blou plek van troos

Waarheen Gehasie?

as ek uit hierdie ballingskap
ontsnap
gaan ek vir 'n maand op my rug
na die suiderkruis
staar
op my maag oor die vlaktes
tuur
en dan duin-af
na die witperdjies op die bloudam
draf
en kaalvoet skater
lag

Dors

nou verlang ek terug
nie na die vleispotte van 'n vorige
heidenland
maar na die melk en heuning van
fynbos
boorde, priële met reuse wingerdstokke
en vlaktes

ek treur
by hierdie riviere in Babelse
verwarring
en die bekende klein klippies in my kies
help nie meer teen dié vlak-te se dieper
dors

Huiswaarts

die verlore seun het besluit
om huiswaarts te keer
die oggend toe hy in Safeway staan
met drie skamele peertjies in sy hand
vir drie doller
en die varke van die resessie snuffelend aan sy bankrekening
sy huispaaiement
sy kredietkaartskuld
en toe hy 'n kaartjie koop vir die lang vlug na sy vaderland
het hy 'n sms gestuur
spaar die gemeste kalf
en gee dit vir die armes
ek sal gitser se oorskiet saam met die outas
by hulle vroegstukvuurtjie eet
as julle my net op die lughawe kan optel
en dan kuslangs vat
met die strandpad tot by
Stellenbosch

Grietjie

ek het iemand nodig om na my kinders te kyk

Eloi

Eloi lama sabagtani

sodat ek bakhand teen die ongenaakbare kosyn

moet aanleun

as die koue skouer van dooiemansdeur

my op my kniee

dwing

waar kom die klipgruis en die duwweltjies vandaan

as ek brandbors ophyg

na waar die vaderhand 'n vuis bly

en die broodkrummels lankal

deur die wilde bosvoels

verslind is

sodat die voetpaadjie huis toe

dof geword het

en die hekse

my vingerbeentjie

daaglik takseer